



Avontuur Verhale

Vier Slim Broers

Deur die Grimm-Broers



Lank, Lank Gelede

‘Liewe kinders,’ het ’n arm man vir sy vier seuns gesê, ‘ek het niks om vir julle te gee nie; julle moet uitgaan in die wye wêreld en jou geluk beproef. Begin deur een of ander ambag te leer, en kyk hoe jy kan aangaan.’



Die vier broers het toe hulle wandelstokke in hulle hande geneem met hul bondeltjies op hulle skouers, en nadat hulle hulle vader gegroet het, het hulle almal saam by die poort uitgegaan.



Toe het hulle op 'n pad gekom, hulle het by 'n vier kruispad aan gekom wat elkeen na 'n ander land gelei het. Toe het die oudste vir hulle gesê: 'Hier sal ons pad skei; maar vier jaar van vandag af sal ons terug kom na hierdie plek, maar tussen in moet elkeen probeer doen wat hy kan vir homself.'



En elke broer het op hulle pad gegaan, en terwyl die oudste haastig was, het hy 'n man ontmoet wat hom gevra het waarheen hy oppad was en wat hy wou gehad het. 'Ek gaan my geluk in die wêreld beproef, en wil graag begin met kuns of om 'n ambag te leer,' het hy geantwoord. 'Dan,' het die man gesê, 'kom saam met my, en ek sal jou leer hoe om 'n slinkste dief te word, een van die beste wat daar nog ooit was.'



'Nee,' het die ander een gesê, 'dit is nie 'n eerlike roeping nie, en wat kan 'n mens op die ou einde verdien behalwe vir die van 'n galg?' 'O!' het die man gesê, 'jy hoef nie die galg te vrees nie; want ek sal jou net leer hoe om te steel wat 'n regverdige spel sal wees: Ek bemoei my met niks anders as dit wat niemand kan kry of iets waaroor niemand omgee nie, en waar niemand jou kan uitvang nie.'



Die jong man het dus ingestem om sy ambag te volg, en hy het hom gou so slim getoon dat niks hom kon ontgaan het wat hy op sy gedagte gehad het.



Die tweede broer het ook 'n man ontmoet, wat, toe hy uitgevind het waarop hy van plan was, het hy hom gevra watter ambag hy van plan was om te volg. 'Ek weet nog nie,' het hy gesê. 'Kom dan saam met my en word 'n sterrekyker. Dit is 'n edele kuns, want niks kan vir jou weggesteek word as jy eers die sterre verstaan nie.'



Die plan het hom baie behaag, en hy het so gou 'n kunsvaardige sterrekyker geword dat, toe hy sy tyd uitgedien het en sy heer wou verlaat het, het hy vir hom 'n glas gegee en sy heer het vir hom gesê: 'Hiermee kan jy alles gesien word wat in die lug en op die aarde verbygaan, en niks kan vir jou weggesteek word nie.'



Die derde broer het 'n jagter ontmoet, wat hom saam met hom
geneem het en die jagter het hom so goed geleer van alles wat by
jag behoort het, dat hy baie slim geword het in die
kunsvaardigheid van die bos; en toe hy sy heer verlaat het, het die
jagter vir hom 'n boog gegee en gesê: Waarop jy ook al met
hierdie boog skiet, sal jy verseker tref.'



Die jongste broer het op dieselfde manier 'n man ontmoet wat hom gevra het wat hy wil doen. 'Wil jy nie,' het hy gesê, 'n kleremaker wees nie?'

'O, nee!' sê die jongman; om van oggend tot aand kruisbeen te sit, agtertoe en vorentoe te werk met 'n naald en garing, sal my nooit pas nie.'


'O!' het die man geantwoord, 'dit is nie die soort kleremaakwerk wat ek doen nie; kom saam met my, en jy sal 'n heel ander soort kunsvaardigheid daaruit leer.'



Omdat hy nie geweet het wat beter om te doen nie, het hy saam gestem en van die begin af geleer hoe om klere te maak; en toe hy sy heer verlaat het, het hy vir hom 'n naald gegee en vir hom gesê: Jy sal enigiets met hierdie naald kan werk, of dit nou sag soos 'n eier is of so hard soos staal is; en die aanknopingspunt sal so fyn wees dat geen naat gesien sal word nie.'



Na die tydperk van vier jaar, op die tyd
wat ooreengekom was, het die vier
broers by die vier kruispad ontmoet...



... en nadat hulle mekaar verwelkom het, vertrek hulle na die huis van hulle vader, waar hulle hom alles vertel het wat met hulle gebeur het, en hoe elkeen 'n kunsvaardigheid geleer het.



Toe, eendag, terwyl hulle voor die huis onder 'n baie
hoë boom gesit het, het die pa gesê: 'Ek wil graag
probeer wat elkeen van julle op hierdie manier kan
doen.'



Toe het hy op gekyk en vir die tweede seun gesê:
‘Heel bo op die top van hierdie boom is daar 'n
bokvink se nes; vertel my hoeveel eiers daar in is.’
Die sterrekyker het sy glas geneem, opgekyk en gesê:
‘Vyf.’



“Nou,” het die vader vir die oudste seun gesê, “neem die eiers weg sonder dat die voël wat daarop sit en hulle uitbroei enigiets agter kom van wat jy doen.” Toe het die listige dief in die boom geklim en die vyf eiers onder die voël gesteel en dit na sy vader gebring, en die voël het nooit gesien of gevoel wat hy gedoen het nie, sy het maar rustig daar gebly sit.



Toe neem die pa die eiers en sit een op elke hoek van die tafel, en die vyfde een in die middel, en het vir die jagter gesê: 'Sny al die eiers in twee stukke met een skoot.' Die jagter neem sy boog op, en met een skoot was al vyf die eiers gesny soos sy pa dit wou gehad het.




"Nou kom jou beurt," het hy vir die jong kleremaker gesê; 'werk die eiers en die jong voëls daarin weer aanmekaar, so netjies dat die skoot hulle geen kwaad sou gedoen het nie.' Toe neem die kleremaker sy naald en werk die eiers vas soos vir hom gesê is.



Toe hy klaar was, was die dief gestuur om hulle terug
na die nes te neem en hulle onder die voël te sit
sonder dat sy dit agtergekom het.



Toe het sy op die eiers gaan sit en sy het hulle uit gebroei; en binne 'n paar dae het hulle uitgekruip en net 'n klein rooi streep oor hul nek gehad, waar die kleremaker dit aanmekaargewerk het.




'Mooi gedaan, seuns!' het die ou man gesê; 'julle het jul tyd goed benut en iets geleer wat die moeite werd was om te weet, maar ek is nie seker aan wie die prys behoort nie. O, 'n tyd kan dalk binnekort vir julle aanbreek om julle vaardigheid op een of ander manier te verreken!'



Nie lank hierna nie, was daar 'n groot gewoel in die land; want die koning se dogter is deur 'n magtige draak weggevoer, en die koning het dag en nag getreur oor sy verlies, en het dit bekend gemaak dat wie ook al haar terug kan bring na hom toe, kan haar as vrou kry.




Toe het die vier broers vir mekaar gesê: 'Hier is 'n kans vir ons; kom ons probeer wat ons kan doen.' En hulle het ingestem om te kyk of hulle nie die prinses kon bevry nie.



‘Ek sal egter gou uitvind waar sy is,’ het die sterrekyker gesê terwyl hy deur sy glas gekyk het; en hy het gou uitgeroep: ‘Ek sien haar van ver af sy sit op 'n rots in die see, en ek kan die draak daar naby sien wat haar bewaak.’



Daarna het hy na die koning gegaan en vir 'n skip gevra vir homself en sy broers; en hulle het saam oor die see gevaar totdat hulle op die regte plek aan gekom het.



Daar het hulle die prinses gekry, soos die sterrekyker gesê
het, op die rots; en die draak het daar gelê en geslaap.



‘Ek durf nie om op hom te skiet nie,’ het die jagter gesê,
“want ek kan die pragtige jong dame ook doodmaak.”
“Dan sal ek my vaardigheid probeer,” het die dief gesê en
hy gaan steel haar so stil onder die draak weg, so stil en
sag dat die draak dit nie agter gekom het nie, hy het maar
aanhou snork.



Toe haas hulle met haar vol vreugde in hul boot na die skip; maar gou kom die draak agter hulle aan gebrul deur die lug; want hy het wakker geword en hy het die prinses gemis.



Maar toe hy oor die boot gevlieg het en op hulle wou toeslaan om die prinses weg te dra, het die jagter sy boog opgetel en hom reguit deur die hart geskiet, net daar het die draak dood neergeval.



Hulle was nog steeds nie veilig nie; want hy was so 'n groot dier dat hy in sy val die boot oor geslaan het, en hulle moes in die oop see op 'n paar planke swem.



Toe het die kleremaker sy naald geneem, en met 'n paar groot steke die planke aanmekaar gesit, en hy het daarop gaan sit en rondgevaar en al die stukke van die boot bymekaar gemaak en dit so gou moontlik aanmekaar geheg sodat die boot gou gereed sou wees, en hulle het die skip bereik en het veilig by die huis aan gekom.



Toe hulle die prinses by haar vader se huis aan gebring het,
was daar groot blydschap; en hy het vir die vier broers gesê:
Een van julle sal met haar trou, maar julle moet onder
mekaar besluit wie dit gaan wees.'



Toe het daar 'n rusie tussen hulle ontstaan; en die sterrekyker het gesê: 'As ek nie die prinses gevind het nie, sou al jou vaardigheid van geen nut gewees het nie; daarom behoort sy myne te wees.' 'As jy haar gesien het, sou dit niks gewees het nie,' sê die dief, 'ek het haar van die draak weggeneem; daarom behoort sy myne te wees.'

'Nee, sy is myne,' het die jagter gesê; "want as ek nie die draak doodgemaak het nie, sou hy jou en die prinses in stukke geskeur het." "En as ek nie weer die boot aanmekaargewerk het nie," sê die kleremaker, "sou julle almal verdrink het, daarom is sy myne.'



Toe het die koning 'n woord gesprek en gesê: Elkeen van julle is reg; en aangesien almal nie die jong dame kan kry nie, is die beste manier vir nie een van julle om haar te kry nie: want die waarheid is, daar is iemand van wie sy baie hou.

Maar om jou verlies te vergoed, sal ek aan elkeen van julle, as beloning vir sy vaardigheid, 'n halwe koninkryk gee.' Die broers het dus saamgestem dat hierdie plan baie beter sou wees as om óf te stry óf om met 'n vrou te trou wat hulle nie wou hê nie.



En die koning het toe aan elkeen 'n halwe koninkryk
gegee, soos hy gesê het; en hulle het die res van hulle dae
baie gelukkig gelewe en hulle vader goed gesorg...



... en iemand het beter vir die jong dame gesorg as om óf die draak óf een van die vakmanne haar weer te laat kry.

Die Einde





THINK

DIGITAL ACADEMY